



# WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

## NG KERK RANDBURG

**Week van 24 Februarie – Lukas 6 : 27 - 38**

**Stil word en aanbidding:** Deel enige gebedsverhoring sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef? sedert julle mekaar laas gesien het. Lees **Psalm 19** as 'n gebed. Dink na oor die vreugde wat opgesluit is in die woorde van die Here.

**Woord:** Lukas 6 spel die eise van radikale dissipelskap en navolging van Jesus uit. Tom Wright skryf oor Lukas 6 onder andere die volgende: "*Die koninkryk wat Jesus gepreek en geleef het, was alles oor 'n heerlike, onwrikbare, absurde vrygewigheid. Dink aan die beste ding wat jy kan doen vir die ergste persoon. Gaan doen dit. Dink aan dit wat jy regtig van iemand verwag om vir jou te doen en doen dit vir hulle. Dink aan die mense teenoor wie jy graag onvriendelik wil wees. In plaas daarvan, bewys oorvloedige vrygewigheid aan hulle. Hierdie instruksies het 'n vars, lentegeur-gehalte. Dit gaan alles oor nuwe lewe wat energiek uitbars, soos blomme wat deur beton groei en almal met hulle kleur en krag verstorm.*" Lees nou Lukas 6 : 27-38.

### Gesprek

1. Hoe voel jy oor dit wat Jesus in hierdie gedeelte sê? Is jy gemaklik of ongemaklik daarmee? Daag dit jou uit? Voel jy skuldig? Dink na oor wat die heel moeilikste ding is wat jy as navolger van Jesus moes doen. Wat was dit? Waarom was dit vir jou so uitdagend en moeilik? Deel dit met mekaar.
2. Lees die teksgedeelte weer met aandag deur en bespreek na *elke nuwe reëling* wat Jesus maak die waarde daarvan. Bepaal hoe hierdie voorskrifte van Jesus verskil van die heersende wyse van optrede in ons samelewing. Probeer vir mekaar uitspel hoe die liefde moet lyk wat Jesus van Sy navolgers verwag. Hoe sou dit gelyk het in die wêreld as dit toegepas is?
3. Sommige mense is so diep seergemaak en teleurgestel dat hulle nie meer in staat is om te vergewe nie. Hoe dink jy oor hierdie stelling?
4. Ons lewe in 'n wêreld waar ons leer, "*boontjie kry sy loontjie*", "*jy kry wat verdien*", "*iets vir iets*". Hoe keer Jesus dit om? Wat beteken dit wat Jesus sê prakties?
5. Dink aan mense wat jou te na gekom of seergemaak het. Hoe hanteer jy hulle? Het jy vyande lief? Indien wel - hoe behandel jy hulle? Soos Jesus sê?

**Doen-dinge:** Elke persoon kan op bladsy die volgende groepe skep en by elkeen 'n naam of meer neerskryf: My **vyande** vandag ... mense wat my vandag **sleg gesê het** ... mense wat van my **vra om hulle te help**. Dink ernstig hieroor en bid dan ... Here help my om die mense wat ek neergeskryf het onvoorwaardelik lief te hê.

**Afsluiting:** Hoe gaan jy hierdie beginsels toepas in jou huis, werksplek, vriendekring. teenoor landgenote en dies meer? Watter verskil sal dit maak? Bonhoeffer skryf in sy boek "Wat dissipelskap kos" hieroor: "Liefde vra niks in ruil nie, maar soek hulle op wat dit nodig het. Wie het ons liefde nodiger as hulle wat deur haat verteer word en wat geheel en al sonder liefde is?"